



**ons bou brûe soos Jesus**

**14 April 2019**

**Palmsondag**

**Groot Lydensweek**

### **VANDAG SE EREDIENSTE**

**8h30** Willem Lötter

**10h30** Willem Lötter

**18h30** Christi Thirion

### **DEUROFFERS**

#### **STUDENTE BEARBEIDING**

Die fondse wat ingesamel word, word gebruik vir bediening van studente op verskillende kampusse. Die grootste deel gaan na Kruiskerk (Stellenbosch), Wellington Moedergemeente, Tygerberg en Kaapstad.

#### **STORIES VAN HOOP**

##### **DIE APPEL VAL NIE VÊR VAN DIE BOOM**

met Appel, Burre & Snorre -

Dinsdag, **7 Mei**, 18h30 vir 19h00 in die kerk  
@ R100 per person.

**Kaartjies vandag te koop tussen die oggenddienste (kontant of snapsan) of weksdae tussen 8h30 en 16h30 by die kerkkantoor (kontant of snapsan)**

Almal wat die aand bywoon is welkom om wegneem-etes saam te bring en vanaf 18h00 in die Kleinsaal en binnehof te kuier voor die produksie 19h00 begin.

**Die produksie word aangebied as deel van NG Kenridge se Dankbaarheidsmaand.**

### **KLEUTERKERK**

#### **KLEINSAAL—8h30**

Wikkelwurms: God het alles gemaak

Stapsoldaatjies: Moses in die woestyn

Kleurkabouters: Die pragtige blomtuin

Groeigoggas: Die wêreld van die Bybel (2)

### **KINDERKERK**

Jy is vergewe!

#### **JEUGSAAL - 8h30**

Graad 1

#### **GROOTSAAL - 8h30**

Graad 2—5

### **TIENERBEDIENING**

#### **KERK—9h30**

Graad 6 en 7—Moses (deel 2)

#### **GROOTSAAL—18h30**

Graad 8—10 - Palmsondag

#### **JEUGSAAL—18h30**

Graad 11— Geloof

#### **GEDENKTUIN INGANG**

Moet asb. nie probeer om met enige sleutel in die Gedenktuin in te gaan nie.

Die kode vir die elektroniese slot is

**1346#**

## PASTORALE ONDERSTEUNINGSDIENS

Daar word 'n ondersteuningsgroep beplan vir familieledede van persone wat lewe met 'n gemoedsversteuring. Die **eerste ontmoeting is op Woensdag, 24 April @ 19:00 by die kerk.** Kontak Jurie Gouws in die verband, 079 484 8191 (laat 'n boodskap asb. indien nie dadelik beantwoord), of e-pos [jurie@ngkenridge.co.za](mailto:jurie@ngkenridge.co.za).

## ALOAW GROEP VERJAAR

Die groep enkellopendes hou 'n spitbraai om hul eerste verjaarsdag te vier op 27 April. Kontak Karien by 082 852 3000 voor 15 April vir meer inligting.

## SEISOEN VAN LEER

Die **Alpha Huwelikskursus** word aangebied vanaf 10 Julie tot 21 Augustus. Dit is geskik vir verloofdes en getroudes.

Inskrywingsvorme by die kerkkantoor.

## NUWE INTREKKERSPARTYTJIE

Maandag, **13 Mei @ 19h00** in die Kleinsaal.

**Kom kuier lekker saam** en hoor meer van die gemeente en ons doen en late.

Bevestig asb. met Michelle by [kantoor@ngkenridge.co.za](mailto:kantoor@ngkenridge.co.za).

As iemand betrokke wil raak by die **gasvryheid/verwelkoming** Sondag-oggende, kontak asb. vir Susara op 072 497 3102.

## DANKBAARHEIDSMAND

Die "Dankie-lewe" reeks begin op 28 April tydens die eredienste. Die Connectgroepe gaan "one thousand gifts" deur Ann Voskamp gebruik vir hul byeenkomste. As jy die reeks individueel wil volg, bestel gerus 'n studiegids by [www.amazon.com](http://www.amazon.com)

## MEENTHUIS VIR KWADRUPLEEG

'n Gemeentelid, Mynie Brits (kwadrupleeg) soek 'n **3-slaapkamer meenthuis**, met 'n garage in die omgewing om te huur. Weet iemand dalk van so iets? Kontak asb. die kerkkantoor in die verband.

## SYMPHONY OF PRAYERS

Vind plaas 6 Junie om 19h00 in die kerk. **Die geleentheid val binne die Pinkster en is integraal deel van die Pinksterreeks.**

Dit is in 'n klassieke styl en die uitvoering is deur internasionaal-erkende musikante en operasangers. Daar is slegs 600 kaartjies beskikbaar. Kaartjies is by Computicket te koop @R100.

**100% van die winste word geskenk aan Maitland Gemeenskapskerk om kerkgebou te herbou.**

Die inwoners van Huis Ravenzicht wil hulle **opregte dank en waardering** deurgee aan NG Kerk Kenridge vir hulle volgehoue finansiële steun, verjaardagpakkies met noodsaaklike lewensmiddele, gereelde besoeke en warm omgee.



@NGKenridge



@ngkenridge



## SKRIF RETRAITE

Die retraite word aangebied na aanleiding van Lukas se verhaal oor Jesus se lewe met die uitdagings van sy tyd.

Kursusgangers bly van 28 April tot 1 Mei in die sentrum (Wellington). Daar is nie 'n program na die dagsluiting nie—die aand is dus vry. Aankoms 28 April, 16h00 en vertrek 1 Mei na middagete. Kontak die sentrum by 021 873 2151 of [admin@andrewmurraysentrum.co.za](mailto:admin@andrewmurraysentrum.co.za)

## ZITHULELE UITREIK 15—24 JUNIE

### Ons dien die gemeenskap deur:

Winterskool: Klasse aangebied in wiskunde, Engels, wetenskap, biologie. Herstelwerk aan die pastorie en kerk se kombuis, by kinders in die hospitaal te kuier en kos te maak. Ons kuier in die gemeente deur saam met die vroue naaldwerk te doen, Markdag (basaar) te hou, huisbesoek te doen en sokker te speel. Die koste beloop R1000 per persoon. As jy wil saamgaan of 'n skenking wil maak kontak Melanie op 072 286 3333

[melanie@ngkenridge.co.za](mailto:melanie@ngkenridge.co.za)



Snap here to pay

 SnapScan

## BEDIENING NA BUIITE BEHOEFTE

**Alle items wat hier gevra word, kan in die houers in die kerkportale geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgelaai word.**

Ons maak weer “lucky packets” vir die Zithulele uitreik se markdag! Elke jogurtbakkie het lekkergoed, 'n pakkie chips en klein speelgoedjies in. Ons soek veral gholf grootte balletjies, tennisballe, karretjies, poppies, kinderjuweliersware, “stickers” en ander **klein speelgoedjies**.

Ons benodig tweedehandse **kombuisware, lampe, ornamente, meubels en skilderye** vir Ruyterwacht se wit olifanttafel by die Wintermark.

Bring asb. **gesnyde bruin brode** vir die Ruyterwacht brookblik-projek.

Maria Xinthi by Karl Bremer Hospitaal benodig **inkleurboeke, inkleurpotlode, “stickerboeke”** met **“stickers”**, **aanroldeodorant, wit badseep, waslappies, tandeborsels** en **tandepasta** asb.

Badisa Trio het 'n behoefte aan **fondse** vir terapeutiese dienste, babadoeke, formule melk, wet wipes, nie-bederfbare kos soos broodsmear, suiker, tee en langlewel melk, swart sakke, Jik, Sunlight liquid, plastiese inkopiesakke (gebruiktes ook welkom!), fotostaatpapier, swart penne, eksamenblokke, gordynreëlings, kantoorstoele en gevriesde sop.

## KENRIDGE GEBED 14—21 APRIL

### **bid vir die wêreld**

Dat die Here arbeiders sal stuur vir die oes in die vervolgte lande.

Vir die Christene wat vervolgt word na hulle bekerings uit Islam en deur hulle families verwerp word - vir volharding en beskerming.

Vir plaaslike gemeentes in die vervolgte kerk wat self arm is wat nuwe bekeerlinge moet ontvang en versorg nadat hulle families hulle verwerp het.

### **bid vir Suid-Afrika**

Bid vir die verkiesingtyd wat gekenmerk word deur opruiende retoriek, geweldadige protes, skade aan eiendom en lewensverlies.

Bid vir die slagoffers van geweld, misdaad en uitbuiting van armes.

Bid vir politieke en gemeenskapleiers.

### **bid vir ons kerk**

Die Redelingshuys gemeente met die verlies van hulle kerkgebou.

Die voorbereidings vir die Wes-Kaapse Sinode wat in Mei plaasvind.

Plattelandse gemeentes wat oor die algemeen swaarkry.

### **bid vir ons gemeente se bediening na buite**

Badisa Trio: vir wysheid om in die beste belang van kinders en families op te tree, maatskaplike werkers wat werk onder moeilike omstandighede, vir die veldtog om nuwe veiligheids- en pleegouers te werf. Daar was die afgelope kwartaal baie min belangstelling van ouers, met kinders in alternatiewe sorg, om deel te raak van die oerleidingsprogramme wat 'n vereiste is vir gesinshereniging. Bid vir die lewensvaardighedeprogramme wat hierdie kwartaal veral in Kraaifontein en Scotssdene aangebied gaan word.

Môresterretjies plaasskool: vir samewerking tussen ons gemeente en die skooltjie.

Sobambisana: vir aanstellingsprosesse van nuwe personeel.

### **bid vir ons gemeente**

Dank die Here vir 'n wonderlike gemeente met soveel opwindende bedieninge.

Dank die Here vir 'n lekker vol erediens op Sondagaande wat nou die tieners insluit.

Dank die Here vir gesondheid en die voorreg om die lekker van die lewe te geniet.

Dank die Here vir oorfloed op materiële gebied in ons lewens.

Bid dat ons te midde van die vakansiestemming wat oor paasaweek heers, gefokus sal bly op Jesus se offer aan die kruis en sy opstanding uit die dood.

Bid vir werklose mense in ons land maar ook spesifiek in ons gemeente.

Bid vir huweliksverhoudings wat stukkend is - vir genesing en herstel.

Bid vir mense wat swaarkry as gevolg van siekte

- Lenie Byliefeldt - leukemie.

- Herman Bonthuys—infeksie terugslag.

- Jurie J van Rensburg en sy gesin - chemoterapie.

- Ruben van Rooyen (Gr 6) - bid vir 'n deurbraak op pad na genesing.

-Philip Zulch - herstel na operasie.

Oom Koos Carstens is in die afgelope week oorlede - ons bid vir troos en vrede vir sy gesin, familie en vriende.